Pollard skitter vir Boland teen WP

21.12.2011

Kobus Pretorius

KAAPSTAD. – Drie uit drie vir die Boland!

Die Bolanders het gister die nie-amptelike hoofwedstryd van die Khaya Majola-krieketweek teen die Westelike Provinsie met 5 paaltjies gewen.

Dit nadat hulle hul bure vroeër vandeesmaand in 'n driedaagse wedstryd en die daaropvolgende eendagwedstryd ook ore aangesit het.

Die WP het eerste gekolf en 214 lopies aangeteken met David Beddingham (49) wat die beste met die kolf gevaar het.

Rudolph Pollard (3/22) en Clint Brockman (3/37) was die Boland se beste boulers.

Die Boland het in 'n stadium gesteier op 30/4, maar 'n uitstekende vennootskap van 126 lopies om die vyfde paaltjie tussen Pollard (93*) en Jean Bredenkamp (71) het die Boland uiteindelik tot 215/5 vir die oorwinning gehelp.

Terrence Adonis, die Boland se afrigter, het na afloop van die wedstryd aan *Sport24* gesê sy span is "in ekstase" oor die uitslag.

"Ons het gedink dis die tipe kolfblad waarop 220 'n goeie telling sou wees. Hoewel ons geweet het dat ons goed moet kolf, het ons geglo dat die WP sowat 10 lopies te min aangeteken het."

Adonis het gesê die vennootskap tussen Pollard en Bredenkamp was die grondslag vir die suksesvolle jaagtog.